



Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos

## Medeleraarspos: Ooskerk

### Gemeenteprofiel

Die kerkraad van die Ooskerk (NG Kerk Pretoria-Oos) wag aansoeke in vir die pos van 'n voltydse medeleraar.

Die Ooskerk is geleë in die ou Ooste van Pretoria, reg oorkant Loftus Versfeld. Ons gemeente is wyd versprei oor hoofsaaklik Pretoria en die groter Tshwane metropool. Ongeveer 65% van die gemeente is onder die ouderdom van 45. Die Ooskerk se bedienings filosofie werk hoofsaaklik vanuit die aanbiddingsgeleenthede (eredienste) as die kern van die bediening waaruit die ander bedienings voortvloeи.

Die gemeente het jong, werkende lidmate, gesinne met klein kinders, skoolgaande jeug en ook ouer lidmate wat deel vorm van die Ooskerk. Die Ooskerk het ongeveer 3 000 lidmate en drie voltydse leraars poste.

Finalejaar teologiestudente, proponente en gelegitimeerde leraars word genooi om aansoek te doen.

### Leraarsprofiel

#### Persoonlik

- Die kandidaat is iemand met deernis, wat sag kan werk met haarself/homself en ander;
- Iemand wat soek na harmonie en sag vashou aan eie oortuigings;
- Iemand wat sy/haar weerloosheid kan erken;
- Iemand wat daarna streef om in sy of haar persoonlike lewe 'n gesonde en geïntegreerde mens te wees; en
- Iemand met 'n ryk en gesakeerde persoonlike teologie, spiritualiteit en lewensbeskouing.

#### Teologies

- Die persoon moet histories, metafories en sakramenteel met die Bybel kan omgaan en dit op 'n relevante, eietydse manier kan oordra en toeganklik maak;
- Hermeneuties en eksegeties vaardig wees;
- Onsekerhede, twyfel en paradoks kan omhels en die tradisionele en eietydse op 'n liefdevolle manier kan vashou; en
- Die kandidaat moet 'n sensitiwiteit en waardering vir 'n eietydse, kontemplatiewe spiritualiteit hê.

#### Bediening

- Die persoon moet bereid wees om leiding te neem in die gemeente se Gesinsbediening (ouers met kinders van geboorte tot hoërskool);
- Bekend wees as iemand wat in 'n spanverband met medeleraars kan funksioneer; en
- Bereid wees om die ryk kultuur en agtergrond van die gemeente te leer ken.

'n Pro-forma aansoek kan aangevra word by [info@ooskerk.org.za](mailto:info@ooskerk.org.za)



Nederduitse Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos

## Vergoeding

Onderhandelbaar met sinodale skaal as riglyn.

## Aansoeke en navrae

Aansoeke sluit Vrydag 29 September 2023, 12:00.

Die aansoekvorm is by die kerkkantoor beskikbaar. Stuur h e-pos na [info@ooskerk.com](mailto:info@ooskerk.com) of kontak 012 344 1950 (Maandag tot Vrydag 8:00-14:00).

Aansoeke en CV's moet gerig word aan: Die Voorsitter van die Kerkraad van die Ooskerk en kan gestuur word aan [info@ooskerk.com](mailto:info@ooskerk.com).

Kandidate moet beskikbaar wees vir onderhoude, 'n preekgeleentheid en tot psigometriese toetse bereid wees, indien dit sou versoek word.

**Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.**